NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 24 NOVEMBER 2024

SEWE EN TWINTIGSTE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Aksie Samaritaan

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Psalm 25:1-10; Jeremia 33:14-16;
1 Tessalonisense 3:9-13; Lukas 21:25-36

SONDAG, 24 NOVEMBER	
	POSDAG **DANKBAARHEIDSONDAG**
09:00	Oggenddiens Kleuterkerk en Kinderkerk Deuroffer ten bate van: Aksie Samaritaan Erediensspan 1 – Lorraine Louw
	• **Senior Kategese na afloop van die oggenddiens** • **Gemeentetee na afloop van die oggenddiens**
19:00	KERSSANGDIENS Erediensspan 3 – Neels Kruger
MAANDAG, 25 NOVEMBER	
18:00	Kooroefening
18:00	Sportmanne Bybelstudie afsluiting
19:00	Vroue Bybelstudie afsluiting
DINSDAG, 26 NOVEMBER	
09:30	Senior Burger Bybelstudie afsluiting
19:00	Uitvoerende Kommissie vergadering
WOENSDAG, 27 NOVEMBER	
09:30	Vroue Bybelstudie afsluiting
09:30	Othello Bybelstudie afsluiting
19:00	Dinsdag Mannegroep afsluiting

DONDERDAG, 28 NOVEMBER
09:30 Dienssentrum vir Seniors: Moedergemeente kerksaal Sopbeurte: Jorina Botha, Riana Fick, Corra Kitshoff, Miemmie Myburgh, Ina van Niekerk, Ronel Williams
VRYDAG, 29 NOVEMBER
09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer (Almal word genooi om deel te wees van die gebedsbediening)
SATERDAG, 30 NOVEMBER
SONDAG, 1 DESEMBER
EERSTE SONDAG VAN ADVENT **WêRELDVIGSDAG** 09:00 Oggenddiens Kleuterkerk en Kinderkerk afsluiting Deuroffer ten bate van: Christen-Vigsburo SA Erediensspan 4 – Robert Rootman **GEEN Senior Kategese** • **Gemeentetee en verversings – ds Hannes afskeidsfunksie**

GEMEENTENUUS

1. Ronelda Visser (Voogdystraat) het 'n voetoperasie ondergaan.
2. Jan Geldenhuys (Van Aardestraat) is in die hospitaal.
3. Kobus Snyman (Suni Slot) is verkies as die WP hokkie dogters skeidsregter offisier en ook as die WP hokkie seuns Noord Zone proewe koördineerder.
4. Anna van Wyk (Voëlvry, Bottelary) is in Kuilsrivier Hospitaal.
5. Hein Gericke (Krisantsingel) se skoonma, Willa, is tans in die hospitaal.
6. Die volgende lidmaatskappe is ontvang:
   Timmy, Liesl, Jean en Hugo de Villiers vanaf Heidekoppie.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

24/11 Stoffel Olivier, Júan Roelofse, Simon Fourie, Neil Smit, Matthew Haynes
25/11 Lizelle van Tonder, Helen Lintvelt(88), Ronel Hunter, Micyla Janse van Rensburg
26/11 Banie Steyn(85), Ewis Pienaar(86), Hester Pieterse
27/11 Callie vd Merwe(80), Meta van Deventer, Elmarene Fischer, Arran de Wet, Rollie Schoeman(84), Francois Hagen, Jenine Westenberg
28/11 Christiaan Coetzee, André du Toit, Gerda Joubert, Henré Smith
29/11 Lynne Nel, Jo-Anne Eksteen, Christa Smit, Elzaan Swart, Dylan Coetzee, Hanna Fourie
30/11 Lyzette Snyder, Thys du Preez, Danika Bruwer, Ruan de Mon, Leila Allie-Reid

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Hannes sal van Maandagaand af weer aan diens wees.

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

AKSIE SAMARITAAN

Aksie Samaritaan is ‘n geregistreerde nie-winsgewende organisasie wie se missie en visie dit is om tasbaar die evangelie te verkondig aan haweloses in en om Kuilsrivier. Verskeie van die kerke in Kuilsrivier is hierby betrokke.

DIE SOPKOMBUIS
Maandae tot Vrydae berei vrywilligers in Kuilsrivier, Bellville en Brackenfell, op ’n rotasie basis, ongeveer 40-50 liter sop per dag voor vir die Sopkombuis. Daar word ook ongeveer 18 tot 26 brode per dag geskenk wat saam met die sop uitgedeel word aan tussen 60 tot 120 hawelose mense wat die Sopkombuis besoek. Voor die sop uitgedeel word is daar ’n kort boodskap en gebed.

DIE CONTAINER KERK
Op Sondae word daar 'n Kerkdiens vir die Haweloses by die Sopkombuis gehou, wat bekend staan as die Container Kerk. Die dienste word deur 3 predikante/pastore op ’n rotasie basis gehou en ongeveer 30 tot 40 grootmense woon die eredienste by. Daar is ook ’n Sondagskool klas wat gemiddeld deur 20 tot 30 kinders tussen ouderdomme 4 tot 17, bygewoon word. Na die kerkdiens word die kerkgangers en kinders van 'n gekookte ete voorsien. Ses spanne, wat op 'n rotasie basis die kos voorberei en skenk, help met die uitdeel van die kos aan die kerkgangers.

Waar kom die fondse en voorraad vandaan?

Finansiële skenkings/donasies van plaaslike kerke en individue in Kuilsrivier, en Yapton Church in Engeland word geëeld ontvang.

Elke Vrydag oggend vroeg kom ongeveer 10 vrywilligers in die NG Kerk Kuilsrivier se kombuis bymekaar om pannekoeke te bak, strooi en verkoop as fondsinsameling vir Aksie Samaritaan. Hierdie donasies en die winste van die Pannekoek Projek help dat Aksie Samaritaan bly voortbestaan. Dit hou die Sopkombuis se deure oop, waar ons saam met die Sop-spanne duisende mense maandeliks van 'n ete voorsien. Dit help ons ook om op sondae die Woord van God te bedien en ‘n bietjie menswaardigheid terug te gee aan elkeen van hierdie randfigure van die samelewing.

BAIE DANKIE VIR JOU BYDRAE

AFSKEIDSBOODSKAPPE AAN DS. HANNES EN ADRI

Ons nooi elke gemeentelid van De Eike uit om afskeidsboodskappe vir die Burger-egpaar te skryf. Julle kan dit in die kartonbokse gooi wat by die drie ingangsdeure geplaas is. Die boodskappies, kaartjies en briefies sal op Sondag 1 Desember 2024, tydens ds.Hannes en Adri se afskeid, aan hulle oorhandig word.

Julle het kans tot Sondag 24 November 2024, daarna sal die bokse verwyder word.

Kom ons gebruik hierdie geleentheid om woorde van dank, waardering, liefde en afskeid aan ds. Hannes en Adri te rig.

KOSMANDJIE

Oor 'n maand is dit Kersfees en deel ons die Grootste Geskenk Ooit - met mekaar én ook met ons naaste. Bring vir Die Kosmandjie iets ekstra om dit te wys?

Kospakkies word reeds op 1 Desember afgelewer, so jy moet gou maak!

Bederflys: soetkoekies / soutbeskuitjies / *Provitas* / aartappelskyfies (*chips*)
lekkers / koeldrankstroop / vrugtesap
kondensmelk / *ideal*melk / vla / jellie / blikkies vrugte
tamatiesous / Bovril of Marmite / Kaas



Bogemoemde items is nie deel van ons gewone kospakkies nie, maar iets ekstra.

Dankie vir jou wonderlike vrygewigheid dwarsdeur die jaar!

Mandjie-groete

DANKOFFERINSAMELING

Baie dankie aan almal wat reeds hul Tiendemaanddankoffer bydrae gegee het.

Die bedrag van R320 066 is ontvang. Ons doelwit vir vanjaar is R375 000.

Bydraes kan steeds enige Sondag in die mandjies geplaas word of per EFT of Snapscan betaal word.

NUUS UIT DIE KERKRAADSVERGADERING

Die volgende lidmaat is verkies tot die kerkraad tydens die vergadering gehou op 13 November 2024:

Blokleier – Blok B: Esther van Eeden

KERSSANGDIENS

Ons nooi al ons lidmate en besoekers uit na vanaand se jaarlikse Kerssangdiens om 19:00.

Onthou om ‘n kers saam te bring.

Die kollekte by die diens sal wees ten bate van VGK Sarepta se dameskoor. Hulle werk baie hard om genoeg fondse bymekaar te maak sodat hulle volgende jaar in Mauritius aan die Afrika en Asie Koorspele kan gaan deelneem.

SENIOR KATEGESE

Ons benodig ‘n klasleier vir 2025 vir graad 7.

Ons klasse is Sondae oggende na die Erediens.

Ons klasleiers word toegerus met reeds uitgewerkte lesse in ‘n handleiding en op ‘n geheue stokkie met die les in video formaat, dus hoef ons klasleiers geen lesse uit te dink of te werk nie. Al wat jy nodig het is jou eie skootrekenaar.

Kontak my gerus vir enige verdere inligting.

Elmarie Scholtz – 0828225265
Senior Kategese Koördineerder

VGK KOELENHOF GESKENKE

Daar is nog 13 geskenke aan die kinders van Koelenhof uitstaande.

Indien jy ‘n naamkaartjie geneem het en nog nie jou geskenk gebring het nie, gee dit asb Maandag by die kerkkantoor af.

KUILSRIVIER MOEDERGEMEENTE

SNUFFELMARK

Kom snuffel jou winskope uit by Moedergemeente

op Saterdag

30 November 2024 vanaf 09:00

Almal word uitgenooi om te kom “snuffel” tussen die wonderlike skatte op die Wit-olifante tafels. Natuurlik is daar ook smullekker basaar-kos soos worsbroodjies, basaar-poeding, Kerrie en rys, pannekoek, *Jaffels* en koffie/tee.

KUILSRIVIER-SUID

STERLIG GESKENKE MARK

22 November tot 7 Desember 2024

Weeksdae van 10:00 tot 19:00
Saterdae van 09:00 tot 15:00

Baie stalletjies met verskeie produkte

PREEKSKETS

TEMA – GOD GEBRUIK NIE 'N VERGROOTGLAS NIE - GOD SIEN ONS DEUR DIE LENS VAN SY LIEFDE EN GENADE.

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Lukas 18:9-14

1. Inleiding. Om mense te takseer op grond van uiterlike dinge is gevaarlik. Ons moet by Jesus leer hoe om dit reg te doen. By Hom leer ons hoe om mense met waardigheid te behandel. En vanoggend se Skriflesing herinner ons daaraan dat geestelike hoogmoed al van Jesus se tyd af springlewendig was.

2. Die gevaar van geestelike hoogmoed. Die Fariseër in hierdie gelykenis was iemand wat oortuig was dat sy saak met die Here reg was en dat hy goed gelewe het. Hy was seker van sy eie geregtigheid. Hy het vasgestel dat hy nie soos "ander mense" is nie — soos diewe, onregverdiges, of selfs soos die tollenaar langs hom. 'n Mens kan jou van buite af mooi wit pleister en skoon verf, maar van binne af kan jy jou nie self reinig van sonde nie. Al doen jy hoeveel goeie dinge, dit kan nie jou sonderekord in God se boeke uitwis nie.

3. Bêre die vergrootglas. Neem daardie vergrootglas en bêre hom sovêr as jy kan! In my geestesoog sien ek die tollenaar, wat nie eens durf opkyk nie. Kop onderstebo, gebroke, is hy eerlik en opreg bewus van sy sonde, en besef sy groot afhanklikheid van God se genade. Sy gebed was eenvoudig en nederig: "O God, wees my, sondaar, genadig." Hy het erken dat hy God se genade nodig het, en dit is wat sy gebed eerlik en opreg gemaak het.

4. Ware geregtigheid kom deur genade. Jesus beklemtoon in hierdie gelykenis dat God nie ons werke meet om ons geregverdig te verklaar nie, maar eerder kyk na ons harte. Ons kan nie die genade van God verdien deur goeie dade nie; dit is 'n geskenk wat ons ontvang as ons in nederigheid na Hom kom. Die tollenaar het God se geregtigheid deur genade ontvang omdat hy sy sonde erken het. Dit roep ons op om in afhanklikheid en opregtheid te lewe, om geregtigheid en vergifnis van God te ontvang deur geloof.